SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2016

## GRAAD 11

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 1**

**PUNTE: 150**
**TYD: 2 uur**

**13 bladsye**

*L3*

**b.o.**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(VRAESTEL 1)**

**PUNTE : 150**
**TYD : 2 uur**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:
   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die DRIE vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Beantwoord die vrae in volsinne. Die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde moet in ooreenstemming met die kognitiewe vereistes van die vrae wees.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommering stelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.
6. Lees AL die vrae aandagtig deur.
7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Laat 2 – 3 ree□ls tussen onderafdelings van vrae oop.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE 30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 C.

1.1.1 Watter metode is die totale waarde van finale uitsette geproduseer deur al drie sektore in die ekonomie?

A inkomste
B produksie
C besteding

1.1.2 Goedere wat in die proses van verbruik vernietig word.

A intermediêre goedere
B finale goedere
C kapitaalgoedere

1.1.3 Daar is minder armoede tussen inwoners in kommunistiese lande omdat ...

A die winsmotief nagestreef word.
B daar volle indiensname is.
C die staat ŉ baie klein rol in die ekonomie speel.

1.1.4 ... meet ekonomiese groei in persentasie vanaf een tydperk tot ŉ ander.

A Reële ekonomiese groeikoers
B Ekonomiese groeikoers
C Inflasiekoers

1.1.5 Langslewendheid is ŉ maatstaf vir ... in die Menslike Ontwikkelingsindeks:

A gesondheid en voeding
B lewenstandaarde
C babasterftes

1.1.6 Die waarde van die geldeenheid van SA word gestabiliseer deur ...

A die monetêre beleid van die SARB.
B die fiskale beleid deur die nasionale tesourie.
C die groei, werkskepping en herverdelingsbeleid.

1.1.7 SANRAL is verantwoordelik vir die instandhouding van ... in SA.

A hawens en lughawens
B spoorweënetwerke
C nasionale paaie

1.1.8 Suid-Afrika se ontwikkelingstrategieë sluit in ...

A die Streeksontwikkelingsbeleid.
B die Accelerated Shared Growth Initiative of SA / ASGISA.
C die menslike ontwikkelings indeks (MOI). (8x2)(16)

1.2 Kies uit Kolom B wat by ŉ begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer bv. 1.2.9 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Ekonomies gemarginaliseerd | A ŉ Manier om ŉ kwalifikasie te kry wat bestaan uit ŉ gestruktureerde onderrigkomponent tesame met ondervinding in die werkplek |
| 1.2.2 BBP per capita | B Om in staat te wees om in ŉ land voorspoedig te wees sonder inmenging deur die regering |
| 1.2.3 Menslike Ontwikkelings-indeks | C Mense wat nie deelname het in die ekonomiese aktiwiteite van ŉ land nie |
| 1.2.4 Kapitalisme | D Die verhouding tussen inset en uitset |
| 1.2.5 Ekonomiese vryheid | E ŉ Maatstaf vir die lewenstandaard |
| 1.2.6 Ekonomiese agteruitgang | F Meet die vlakke van ekonomiese ontwikkeling in lande |
| 1.2.7 Produktiwiteit | G Om agteruit te gaan na ŉ minder ontwikkelde land |
| 1.2.8 Leerderskap | H Vryemark-ekonomie |

(8x1)(8)

1.3 Gee EEN begrip vir elk van die volgende omskrywings. Skryf slegs die begrip langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Staatsbeheerde besighede soos Eskom en Telkom

1.3.2 Besluite wat die regering neem oor belastingvlakke en regeringsbesteding

1.3.3 Verbruikersgoedere wat vir 'n redelike langer periode kan hou

1.3.4 Die koers waarteen kommersiële banke fondse leen by die Reserwebank

1.3.5 Die instroming van mense vanaf landelike gebiede na stedelike gebiede

1.3.6 Die bank wat ekonomiese ontwikkeling bevorder in Suider-Afrika (6x1)(6)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die DRIE vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE voorbeelde van gratis gesubsidieerde basiese huishoudelike dienste aan huishoudings wat deur die plaaslike regering verskaf word. (2x1)(2)

2.1.2 Verduidelik hoe verbruiksbesteding tot werkskepping lei. (1x2)(2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| NO. | ITEM | Millions (R) |
|---|---|---|
| 1 | Finale verbruiksbesteding deur verbruikers | 2 379 |
| 2 | Finale besteding deur die Regering | 635 |
| 3 | Bruto Kapitaalvorming | 569 |
| 4 | Residensiële item | -12 |
| 5 | **(A)** | 3 571 |
| 6 | Uitvoere van goedere en dienste | 854 |
| 7 | Invoere van goedere en dienste | 872 |
| 8 | Besteding op BBP teen markpryse | **(B)** |

[SARB: Quarterly Bulletin, 2012]

2.2.1 Watter ander organisasie, behalwe Statistiek SA, publiseer statistieke in SA? (1)

2.2.2 Watter metode word hierbo gebruik om BBP te bereken? (1)

2.2.3 Voltooi die item wat deur die letter (A) in die tabel verteenwoordig word. (2)

2.2.4 Verduidelik die konsep *BBP*. (2)

2.2.5 Bereken besteding op BBP teen markpryse (B). (Toon alle berekeninge) (4)

2.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**RAAD OP MET STYGENDE VOEDSELPRYSE?**

"Droogte en die swak rand plaas geweldige druk op die arm verbruikers wat alreeds kontantvloei probleme ondervind en dit alles ten spyte van die feit dat lewenskoste die hoogte inskiet. Die onlangse rentekoersverhogings beteken meer skuld vir die verbruiker."

Sommige boere het geen keuse gehad behalwe om hul veekuddes te slag nie, omdat hulle nie langer die diere kon voed nie, sê Professor Ferdinand Meyer, direkteur van die Buro vir Voedsel en Landboukunde Beleid. Sommige produkte, soos graan en vrugte, sal met sowat 20 % styg terwyl die ander, soos brood, met minder sal styg.

[Bron: *HUISGENOOT* 11 Februarie 2016*, you.co.za*]

2.3.1 Noem die sektor wat deur die droogte geaffekteer word. (1)

2.3.2 Watter effek sal die droogte op Suid-Afrika se landbouproduksie uitvoere hê? (1)

2.3.3 Verduidelik die impak van die onlangse rentekoersverhogings op verbruikers wat alreeds kontantvloei probleme ondervind. (2)

2.3.4 Hoe kan 'n dalende rentekoers die verbruiker beïnvloed? (2)

2.3.5 Verduidelik TWEE soorte bedrywighede wat in die primêre sektor plaasvind en verskaf voorbeelde. (2x2)(4)

2.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (2x4)(8)

2.5 Hoe effektief is die Suid-Afrikaanse regering in sosiale dienslewering? (4x2)(8)

**[40]**

**VRAAG 3 EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE lidlande van die SAOG (2x1)(2)

3.1.2 Verduidelik die rol van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank met betrekking tot bankmislukking. (1x2)(2)

3.2 Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg:

**ARMOEDE EN WELVAARTVERSPREIDING**




- Volgens Wêreldbankstatistiekhet die persentasie Suid-Afrikaners wat onder die armoedegrens (broodlyn) leef, van 38 persent in 2000 tot 23 persent teen 2006 gedaal.
- Inkome-ongelykheid het egter in die teenoorgestelde rigting beweeg. Suid-Afrika se Gini-koëffisiënt, wat reeds redelik hoog was – hoofsaaklik as gevolg van die nalatenskap van apartheid, het aanskou hoe inkome-ongelykheid seder 2009 drasties toegeneem het.
- Suid-Afrika het een van die hoogste koerse van ongelykheid in die wêreld. Terwyl daar tradisioneel baie op ongelykheid tussen *rassegroep* toegeneem.

[Bron: *Wêreldbankverslag 2015*]

3.2.1 Watter internasionale liggaam voorsien die data in die bogenoemde uittreksel? (1)

3.2.2 Wanneer het die inkome ongelykheid in Suid Afrika drasties gestyg? (1)

3.2.3 Verduidelik waarom Suid-Afrika een van die hoogste koerse van ongelykheid in die wêreld het. (2x2)(4)

3.3.4 Wat is die verhouding tussen die Gini-koeffisiënt en die Lorenz kurwe? (2x2) (4)

3.3 Bestudeer die gegewe uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Meeste bankiers sal nie vir Zakkie as ŉ goeie kandidaat vir ŉ lening beskou nie. Zakkie, 49 jaar oud, ongeletterd omrede sy op laerskool skool verlaat het, woon in ŉ eenvertrek grasdakhuisie. Sy het agt kinders en verdien geen inkomste nie. Zakkie voorsien vir haar gesin deur groente, los sigarette en gegeurde mielies in klein plastieksakkies, te verkoop.
>
> Ten spyte van haar nederige herkoms, was Zakkie die volmaakte kandidaat vir ŉ lening by die "Klein Sakeonderneming Stigting". Dis ŉ nie-winsnemende organisasie wat mikro lenings aan plattelandse entrepreneurs verskaf. "Mense is honger vir krediet," sê John De Wit, direkteur van hierdie program. "Daar is niemand anders wat dit doen nie"
>
> Die enigste ander beskikbare krediet is uitgeslape geldskieters, wat 30 % rente per maand hef en wrede metodes gebruik om skuld in te vorder.
>
> [Aangepas uit *Small Enterprise Foundation* Nov. 2011]

3.3.1 Noem TWEE probleme as geld by geldskieters geleen word. (2x1)(2)

3.3.2 Wat is die doelwitte van die instansie wat mikro-uitleners reguleer?(2x2)(4)

3.3.3 Verduidelik TWEE redes vir bankmislukking. (2x2)(4)

3.4 Verduidelik hoe die Suid-Afrikaanse Regering die private sektor aanmoedig om te belê in welvaartskepping. (4x2)(8)

3.5 Wat is die oorsaak van die volgehoue energiekrisis in Suid-Afrika sedert 2008? (4x2)(8)

**[40]**

**VRAAG 4 MAKRO-EKONOMIE & EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE ekonomiese aanwysers wat gebruik word om ekonomiese bedrywighede in verskillende lande te vergelyk. (2x1)(2)

4.1.2 Waarom is dit belangrik vir Suid-Afrika om ekonomiese groei te bevorder? (1x2)(2)

4.2 Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit *Business News* 20 Nov. 2014]

4.2.1 Verduidelik die ekonomiese boodskap wat deur die spotprent uitgebeeld word. (2)

4.2.2 Wat is die ouderdomsgroep van die ekonomiese aktiewe bevolking in Suid-Afrika? (1)

4.2.3 Wat, dink jy, is die grootste bedreiging vir arbeid in Suid-Afrika? (1)

4.2.4 Waarom het ontwikkelende lande ŉ ooraanbod van ongeskoolde arbeid? Motiveer jou antwoord. (2)

4.2.5 Onderskei tussen *nominale-* en *reële lone*. (2x2)(4)

4.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Botswana in gevaar om biljoene te verloor in SADU inkomstes**

Die wêreldwye ekonomiese krisis, met ander dreigende strukturele faktore binne SADU, kan ŉ berame P5 biljoen permanente skade beteken vir Botswana se staatsinkomste vanaf die Doeane-unie, soos beraam deur die IMF.

Alle lidlande van SADU het alreeds ŉ skerp verlies oor die afgelope jare ervaar danksy die wêreldwye krisis, en staar ŉ verdere risiko van permanente verlies van staatsinkomste in die gesig soos verwag word deur ŉ verdere verlaging van inkomste in die medium termyn.

Daar word beraam dat Botswana, ŉ verlies van 5 % op BBP, omtrent P5 biljoen verlies gaan lei, terwyl Swaziland ŉ beraamde 15 %, Namibië 5 % en Lesotho 6,7 % kan verwag.

[Bron: *Presteer met Ekonomie* / PEARSON]

4.3.1 Watter organisasie bevorder ekonomiese integrasie en samewerking in Suider-Afrikaanse lande? (2)

4.3.2 Lys TWEE bronne van inkomste vir die Doeane-unie. (2x2)(4)

4.3.3 Hoe kan die lande hierbo genoem die verlies van staatsinkomste hanteer? (2)

4.3.4 Waarom het die wêreldwye ekonomiese krisis ŉ effek op die inkomste van die Doeane-Unie? (2)

4.4 Verduidelik arbeid as ŉ belangrike produksiefaktor. (4x2)(8)

4.5 Waarom word Suid-Afrika as ŉ ontwikkelende ekonomie beskou? (4x2)(8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

## AFDELING C

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal as volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede / In-dieptebespreking / Ondersoek / Bespreekkrities / Ontleed / Analiseer / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer. | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eiemening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueerkrities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / gebruik die gegewegrafiek en verduidelik / Voltooi die gegewegrafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Voorstelle | Maks. 10 |
| **Slot / samevatting:**<br>Enige hoër-orde samevatting behoort die volgende te bevat:<br>* ŉ Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om enige genoemde feite te herhaal<br>* Enige opinie of waarde-skatting omtrent die Bespreekte feit<br>* Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analise te versterk<br>* ŉ Weersprekende standpunt met motivering, indien vereis<br>* Aanbevelings / voorstelle | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5 MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

"Entrepreneurs in die informele sektor is werklose, arme mense wat die sakewêreld betree, bloot om te oorleef, sonder die nodige fondse, vaardighede en kennis om ŉ sukses van hulle besigheid te maak."

- Bespreek die ekonomiese belangrikheid van entrepreneurskap. (26 punte)
- Hoe ondersteun die regering die ekonomiese gemarginaliseerde groepe in Suid-Afrika? (10 punte)

**VRAAG 6 EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

"Strategieë vir ontwikkeling is vervat in die ekonomiese en ander beleide van ontwikkelende lande."

- Ontleed krities die volgende ontwikkelingstrategieë wat in ontwikkelende lande gebruik word.

  - Menslike hulpbronne
  - Natuurlike hulpbronne
  - Tegnologie (26 punte)

- Waarom is Inheemse Kennis Stelsels (IKS) belangrik vir ekonomiese ontwikkeling in 'n land? (10 punte)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**